13.10 RAPPORT 7 – BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – BEWARING VAN DEPUTATE SE NOTULES (Art 62)

A. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

B. **RAPPORT**

Sover vasgestel kon word, is daar nie ‘n besluit of reëling met betrekking tot die bewaring van Notules, verslae en verwante stukke van Deputate nie.

Hoewel die opdragte aan Deputate en die uitvoering daarvan, wel driejaarliks in ‘n Rapport aan die Algemene Sinode saamgevat word, is die vraag of dit al is wat opgeteken staan en bewaar word. Is dit met die oog op latere naslaan en navorsing nie noodsaaklik dat Notules, verslae en verwante stukke ook bewaar moet word nie?

Aanbevelings

1. Notules, verslae en verwante stukke wat oor die termyn van drie jaar deur Deputate gehou word, moet aan die einde van die termyn by die Administratiewe Buro ingehandig word.
2. Verkieslik elektronies sowel as in harde kopie.
3. Die Administratiewe Buro moet dit verder hanteer en uiteindelik aan die Kerkargief besorg vir veilige bewaring.

Besluit: Aanbevelings goedgekeur.